

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 187

(Junie 1984)

* * * * *

*"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van
God is . . ."* (Mat. 5:3)

Geseënd is die barmhartiges . . .

Jy lewe omdat daar aan jou barmhartigheid bewys was toe jy eens op 'n tyd 'n baba was;

- Jy kon jousef nie help nie.
- Jy moes gevoer word toe jy honger was.
- Jy moes van plek tot plek gedra word.

Iemand het aan jou barmhartigheid bewys (uit liefde, uit ontferming, uit genade) sodat jy kon groei, grootword en lewe. Nou is jy ook in 'n posisie om aan ander barmhartigheid te bewys. Maar, jy kan nie werklik aan iemand barmhartigheid bewys voordat jy nie die volgende besef nie, naamlik:

Dat jy nie werklik sou kon leef as God nie self die grootste daad van barmhartigheid ook aan jou bewys het nie. Hy het Sy eie seun, Jesus Christus, laat sterf, sodat jy kan lewe — vir ewig kan lewe, omdat Hy jou in jou ellende raakgesien en Homself oor jou ontferm het. God het dus aan jou barmhartigheid bewys. Die vraag is dus nou, hoe hierdie grootste daad van God jou raak? Kan dit jou heeltemal koud laat? So koud dat jy;

- hulpbehoewende mense rondom jou raaksien, maar tog ignoreer?
- jy iemand wat by jou om hulp aanklop, afjak of wegjaag?

Of, probeer jy jou gewete sus deurdat jy maar net geld vir welsynsorganisasies gee, maar self niks verder daaraan doen nie?

Of, vuur die dankbaarheid in jou hart jou aan om

- jou te ontferm oor iemand wat hulpeloos is, soos jy was?
- uit die rykdom wat God aan jou toevertrou het, ook mildelik te voorsien in die behoeftes van ander?

Barmhartigheid is tweeledig:

- 'n *gevoel* van innige ontferming; en
- 'n *daad* waarin jy jousef persoonlik en daadwerklik met 'n behoeftige bemoei.

Barmhartigheid vloei uit die besef van hoeveel barmhartigheid God aan jou bewys het.

Luister na Matt. 5:7:

- "Geseënd is die wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."

Geseënd is dié wat barmhartig is uit dankbaarheid vir die barmhartigheid wat aan hulle bewys is. Geseënd — Gelukkig — *Salig!* Let op: Hier is ook 'n belofte ter sprake:

"... want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."

God belowe die barmhartige:

- Hy sal nie arm word nie, al verg sy hulp alles wat hy het.
- sy nagedagtenis sal skoon, mooi, *geseënd* wees.
- hy sal nooit tekort skiet in dit wat hy benodig nie.

Jy *kan* deel in dit wat God beloof.

Jy *sal* deel in dit wat God beloof!

Jy moet net jousef persoonlik en daadwerklik bemoei met barmhartigheid.

Luister hóé belangrik ag ons Here Jesus Christus barmhartigheid. Met die oordeelsdag sal

Hy as Regter 'n onderskeid maak tussen barmhartiges en onbarmhartiges. Aan die barmhartiges sal Sy woorde wees:

"Kom, julle wat deur my Vader geseën is! . . . want Ek was honger en julle het my iets gegee om te eet; Ek was dors . . ." (Matt. 25:34-40).

Maar, aan die onbarmhartiges sal Hy sê: "Gaan weg van my af julle vervloektes! . . . want Ek was honger en julle het my niks gegee om te eet nie, Ek was dors . . ." (Matt. 25:41-46).

In duideliker taal kon Jesus dit nie gesê het nie. Toets jouself ten opsigte van die barmhartigheid wat jy doen. Bekeer jou as jy afgedwaal het.

Wees opnuut dankbaar vir dit wat jy van God ontvang het. Dit sal jou in der ewigheid nooit berou nie!

L. S. D. du Plessis

Geseënd is dié wat rein van hart is

Reinheid van hart!

Wat 'n skoon, edel woord in 'n vuil, besoedelde wêreld!

In die bergpredikasie openbaar Jesus die kenmerke van die koninkryk van die hemele:

Direk na die barmhartigheid as eerste vrug van die wedergebore hart, stel Hy reinhartigheid as volgende stap op die weg van heiligmaking. Barmhartigheid roep dan ook om reinheid want in die barmhartige hart is daar nie plek vir onrein valsheid nie.

"Geseënd is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien". Hierin lê die ware lewensbeginsel wat lei tot die hoogste lewensbestemming. Geseënd!

Wat 'n heerlike, ryke woord uit Jesus se mond!

'n Woord wat genade verkondig aan die gevalle mens. Soos in Ps. 1:1 druk dit die hoogste vorm van geluk uit.

Wat dit beteken

Wat beteken hierdie reinheid van hart?

- Op sigself beteken dit nie sondeloosheid nie, maar dit wortel in die vergewing van sondes.
- Letterlik beteken dit *enkel*hartigheid in teëstelling met die *dubbel*hartigheid van hulle wat uiterlik vroom voorkom, maar innerlik vol selfsug is.
- Reinheid van hart raak ten diepste ons persoonlike verhouding tot God.
- Is dit in orde, dan bots hart en hand nie en dan weerspreek belydenis en lewenswandel mekaar nie.
- Dit word verkry, nie deur allerlei seremonies en reinigingsmaatreëls nie, maar deur die geloof in Jesus Christus.
- Want reinheid van hart is 'n vrug van die geloof. Mens ontvang dit van God. Dis 'n gawe van die Heilige Gees.
- Hoewel uitwendige reinheid ook betekenisvolle waarde het, is reinheid van hart die diepste wat God van ons vra en wat ons van God kan vra.

Stryd

Ondanks veel inspanning en daaglikse stryd om reinheid van hart te verkry, verval die wêreld steeds dieper en dieper in onreinheid en aaklige vuilheid. Vandaar dat Dawid in Ps. 51:12 bid om krag in hierdie stryd: "Skep vir my 'n rein hart, o God!"

Daarom verklaar Christus dié wat met 'n rein hart begenadig is, geseënd, want dit waarvan die hart vol is, loop die mond van oor.

Die bron

Sodanige reinheid is egter alleen daar waar God se Woord die enigste maatstaf is.

Ons kan egter alleenlik rein wees teenoor ons medemens, geen kwaad bedink en geen agterdog koester nie, as ons in die woorde van 1 Petrus 1:22 ons in gehoorsaamheid aan die waarheid van God se Woord gereinig het om mekaar ongeveer lief te hê.

Eis met 'n belofte

Waar reinheid van hart die moeilike eis is, is die seën van God die heerlike belofte.

Deur die eeue heen is die begeerte om die godheid te sien dan ook die hoogste ideaal van

alle godsdienste.

Om God te sien? Wat 'n duiselingwekkende toesegging!

Vir die mens is dit skynbaar net so onmoontlik as om self sy eie hart te reinig. Bowendien, het God dan nie self gesê niemand mag Sy aangesig sien nie? — Eksodus 33:23.

Tog belowe Jesus dit hier, maar slegs aan dié wat rein van hart is.

Onreines van hart kan God nie sien nie, want onreinheid bedek God vir ons. Vuilheid sluit dig.

Reinheid daarteenoor maak jou hart oop vir God en jou medemens. 'n Rein hart gee 'n rein oog.

Reinheid bring geopenheid, kennis en insig.

Hoor en sien

Dis dan ook opvallend hoedat *hoor* en *sien* deurgaans in die Bybel aan mekaar gekoppel word. Al mag Moses die Here van agter sien verbygaan, moes hy tog eers hoor hoe die Here sy Naam uitroep.

Dus, sonder gehoorsaamheid kan geen mens God sien nie.

Hoe meer ons God se Woord hoor, hoe duideliker sal ons God met die geloofsoog sien bo alle mense, omstandighede, ellende en nood.

Hoe meer ons luister na God se Woord, hoe meer sal ons Sy Almagtige en beskikkende Vaderhand raaksien in ons vreugde sowel as in ons smart.

Só ervaar elke reiene van hart dit elke dag. Die geloofsoog sien God natuurlik nie buite Christus om raak nie. Christus wat dit hier belowe, het dit ook moontlik gemaak.

Heilbegerig

Jy het seker ook al by tye gewens dat jy God maar net kon sien. Toe jou siel in oomblikke van knellende eensaamheid, soos die Psalmdigter gesmag het daarna om God te sien in klare aanskouing? As jy dit opreg begeer, sal die aanskouing nie uitbly nie. Christus belowe jou dit. Jy sál God sien!

Mits jy onder andere in 'n wêreld vol van onreinheid, God voortdurend bid om vir jou 'n rein hart te skep en daadwerklik elke dag in die Naam en krag van Christus daarna strewe om al jou gedagtes te rig op alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat REIN is — Fil. 4:8.

Dr. Daan Fouché

Salig . . . die vredemakers

Ons ken die wêreld as 'n plek van haat . . . en oorlog . . . en geweld . . . en terreur . . .

- daarmee word ons groot
- dit is die werklikheid van die lewe!

Alles en almal leef in onvrede met mekaar en niemand gun die ander 'n plek op aarde nie.

Deurn geweld moet elkeen vir homself 'n plekkie onder God se son uitworstel. Jy weet sekerlik hoekom - omdat die Satan sy septer oor hierdie wêreld swaai – hy die vors van onvrede . . . wat met sy swaard van haat en onmin, verdeeldheid en onvrede bring.

Daarteenoor is God . . . 'n God van *vrede!*

Kyk net hoe pragtig staan dit geskrywe . . . "God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en *Vrede.*" 1 Kor. 14:33

"Die vrug van die Gees . . . is *Vrede* . . ." Gal. 5:22.

Ook in 2 Tes. 3:16 staan: "Mag die Here, wat *Vrede* gee, julle in alle opsigte *vrede* gee."

Ja, God is die God van *Vrede.*

En Christus? Hy is die *Vrede*vors.

En nou staan die *Vrede*vors, Jesus Christus, in stryd met die vors van onvrede, die Satan ...

- lig teen duisternis
- hemel teen hel
- saligheid teenoor verdoemenis.

En weet jy, dit is presies wat Christus vir jou en my gebring het . . . *Vrede!*

- *Vrede* . . . met God
- *Vrede* . . . met jou naaste
- *Vrede* . . . met jouself.

Ja, die *vrede* van Christus is die vrug van Sy kruisdood op Golgota. Maar let op: Die *vrede* van Jesus Christus is:

- nie 'n dooie rus of dooie *vrede* nie;
- dis ook nie 'n negatiewe *vrede* nie, met ander woorde die afwesigheid van oorlog nie

Nee, die *vrede* van Christus is 'n positiewe *vrede*, 'n *vrede* wat *vrede* soek en *vrede* maak! 'n *Vrede* wat alle verstand te bowe gaan, sê Fil. 4:7. 'n *Vrede* wat die Bybel bring!

Reeds by die geboorte van Christus word hierdie *vrede* en vreugdeboodskap besing: "*Vrede* op aarde . . ."

En weet jy nou wat is die wonderlike genade in Christus? Matt. 5:9 sê: "Die mens met *vrede* is salig en die mense met *vrede* is kinders van God!

Dit is die heerlike belofte in Christus ... vir jou en my: *salig is die kind van God!*

Ds. Nico Ligthelm.

Salig is die vervolgdes vir die geregtigheid

(Matt. 5:10)

Watter reaksie ontlok u by die wêreldlinge as u soos 'n Christen probeer lewe? Sal dit met jou altyd voor die wind gaan? Gaan jy hoe langer hoe meer toeneem in populariteit?

Nee! Christus sê in Matt. 5:10 dat as jy lewe soos 'n gelowige kind van God, dan kan jy van een ding seker wees: Jy gaan vervolgd word.

Doen wat reg is

Om reg te doen is om in navolging van Christus te lewe. Christus het vir geen oomblik gesondig nie. Hy het nie een gebod eers een keer oortree nie. Hy was volmaak gehoorsaam aan Sy Vader in die hemel. Christus is dus vir ons die volmaakte voorbeeld van hoe jy moet lewe om *reg* te lewe.

Die Woord van God moet onder alle omstandighede die lamp vir ons voet en die lig op ons pad wees. Die Woord van God moet die kompas en die rigtingwyser vir ons hele lewe wees.

Wanneer jy dit doen, dan pas jy die beginsels wat God uit die hemel gegee het, hier op die aarde toe — beginsels waarvan die wêreldling en die Satan glad nie hou nie.

Vervolg

Om hierdie rede het Christus ons al vroegtydig in Joh. 15:18, 19 gewaarsku: "As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat. As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar *Ek* julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle."

As jy sê jy is 'n Christen, dan kan jy te wagte wees dat die wêreld jou, net soos vir Christus, gaan behandel. Die wêreld gaan jou haat.

- Die swaarste swaarkry —
- Die hewigste vervolging —
- Die donkerste donker in die lewe van die gelowige —

kan nie met Christus se pyn en lyding aan die kruis vergelyk word nie.

Hy het die allerdiepste smaad en angs van die hel aan die kruis in ons plek deurgemaak, sodat die waarheid van 2 Kor. 4:17 ook vir ons 'n werklikheid kan wees: "Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat vir ewig bly."

As jy die reguit pad van die Woord van God in waarheid loop, dan gaan jy nie altyd gewild wees by jou meerderes en by jou ondergeskiktes nie. Jy gaan nie altyd die populêrste baas of werknemer wees nie. Jy sal op die mense se tone moet trap wat die leuen liever het as die waarheid.

Vervolging vryspring

'n Mens kan natuurlik makliker voortgaan en vervolging en ongewildheid vryspring deur *nie* volgens die eise van Gods Woord te leef nie. Die mense kan jou begin prys en goed van jou *praat*. Maar dan is die gevaarlike skrif vir jou aan die muur.

In Luk. 6:26 waarsku Christus: "Ellende wag vir julle as die mense goed van julle praat. Hulle voorvaders het met die valse profete net so gemaak."

'n Voorreg om vervolg te word

Die Bybel leer ons dat dit 'n voorreg is as jy ter wille van Christus vervolg word: "Selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou". (1 Petrus 3:14). In Fil. 1:29 staan: "God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur om in Hom te glo nie, maar deur ook vir Hom te ly."

'n Bekende predikant wat in 1567 'n marteldood gesterf het, Guido de Brés, wat ook een van die Kerk se belydenisskrifte geskryf het, het vir sy mede-gevangenes gesê: "Ek is hede tot die dood veroordeel ter wille van die leer van die Seun van God. Ek prys Hom daarvoor. Ek is baie bly daaroor. Ek het nooit gedink dat God aan my so 'n eer sou bewys nie. Ek voel my hart swel van genade — 'n genade wat God meer en meer op my laat neerdaal. En ek word van minuut tot minuut gesterk. My hart spring van vreugde op in my binneste." (Vry vertaal)

- Moenie bang wees om vir Christus te ly nie! Dit is 'n voorreg!
- Onthou Hy het ook vir u gely . . . tot die dood toe!
- Bowendien wanneer jy vir Christus ly, dan vind jy daarin die troos dat jy salig is.

In 1 Petrus 3:13 en verder staan: "Wees bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle oorloop van vreugde by Sy wederkoms in heerlijkheid. Gelukkig is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys dat die Gees van heerlijkheid, die Gees van God, op julle bly."

Ds. A. H. Grové